

**Help jou kinders om Nelson Mandela se nalatenskap te leef. Gee sommige van die waardes waarvoor hy gestaan het deur met hierdie kort reeks stories wat fokus op eerlikheid, medelye en vergifnis.**

# Topo se boomhuis

Skrywer: Kopano Sechele
Illustreerder: Sally MacLarty

Topo kan nie wag om ná skool huis toe te gaan nie, want dan kan hy in sy boomhuis gaan speel. Daar gebeur altyd iets lekkers. Topo se pa het die boomhuis in die hoogste boom op hul werf gebou. Topo kan baie dinge van hier af sien. Daar is dakke met allerhande vorms en kleure, hoë geboue in die verte, en bome vol diertjies en voëls daar naby.

Soms neem Topo sy boeke saam om daar te sit en lees. Dis lekker om in die boomhuis te lees, want dis doodstil. Net die voëltjies sing en fluit. Ander kere sit hy net en kyk. Hy wonder waarheen die voëls gaan en watter stories hulle vir mekaar vertel oor die plekke waar hulle was.

Eendag sien Topo ’n hopie takkies in die mik van ’n boom daar naby. ’n Duif vlieg tot by die hopie takkies. Toe sy vir Topo sien, skrik sy en vlieg weg. Topo kruip na ’n tak aan die anderkant van die boomhuis en bly doodstil sit. Die duif kom terug, sien dis veilig en sit nog takkies op die hopie.

Toe die hopie groot genoeg is, gaan sit sy daarop. Sy lyk baie gemaklik.



Die volgende dag ná skool sluip Topo na sy boomhuis en loer in die nes. Hy sien twee eiertjies. Hulle is pragtig en Topo voel baie opgewonde. Hy weet daar gaan jong duifies uitbroei.





Net toe hy nader gaan om beter te sien, kom die ma-duif terug. Dit lyk of sy vir hom “Gaan weg!” sê.

“Dis my boomhuis,” dink Topo. “Hoekom moet ek weggaan?” Maar Topo weet hy kan nie sy boomhuis met die duif deel nie. “Dis die eiertjies of ek,” dink hy.

Topo voel hartseer, kwaad en selfsugtig. Die boomhuis is syne en hy wil daarin wees.





Nal'ibali
Dit begin met 'n storie...

Ingedagte sit Topo op die agterstoep. Sy pa kom sit langs hom. Sy pa weet van die nes en die eiertjies en dit lyk of hy weet hoe kwaad en deurmekaar Topo voel.

“Partykeer, Topo,” sê sy pa, “moet ons dinge gee aan hulle wat nie so sterk soos ons is nie. Partykeer moet ons meer vir ander gee en minder vir onsself wil vat. Partykeer het iemand anders iets nodiger as ons.”


Topo se pa gee hom ’n drukkie voordat hy ingaan. Topo dink oor wat sy pa gesê het.

Topo hou van die mooi eiertjies. Maar hy weet as hy in die boomhuis speel, sal die eiertjies nie uitbroei nie. Hy neem ’n besluit . . . die duif kan sy boomhuis kry terwyl sy dit nodig het en hy sal daar naby op ’n tak sit en kyk wat sy doen. Topo soek ’n lekker tak oorkant die boomhuis.

Daar hou hy wag. Hy sien dat die duif die eiertjies nooit lank alleen laat nie. Sy sit amper heeltyd op hulle om hulle warm te hou en te beskerm. Op ’n dag toe die duif weg is, steek die wind op en die takke waai wild heen en weer. Die duif is nie by haar nes nie. Topo raak bekommerd dat die nes sal wegwaai. Hy wag en wag vir die duif om terug te kom.

Skielik kom ’n rukwind en waai een van die eiertjies uit die nes.

Topo kyk af. Onder op die grond lê ’n stukkende wit eiertjie. Topo voel baie sleg. Net toe kom die duif terug en gaan sit op die orige eiertjie.







Daardie middag sit Topo lank op die agterstoep. Sy pa kom sit weer langs hom. “Ai, Topo,” sê hy, “soms is die lewe baie onregverdig. Ons weet nie altyd hoekom dinge gebeur nie. Maar ek is bly om te sien jy gee om. Eendag sal jy ’n goeie pa vir jou kinders wees, iemand wat hulle sal oppas en beskerm.”

Hulle sit ’n rukkie saam en dink aan die stukkende eiertjie en die getroue ma-duif wat haar laaste eiertjie so mooi oppas.

02 11 80 40 80 www.nalibali.org www.nalibali.mobi nalibaliSA @nalibaliSA



Elke dag wanneer Topo van die skool af kom, gaan kyk hy na die eiertjie.

Toe hy op 'n dag weer in die nes loer, sien hy 'n lelike dingetjie met 'n groot, oop snawel. Dis klein en kaal. Topo gly vinnig af en hardloop huis toe om vir sy pa te vertel.

Elke dag ná skool hou Topo die nes dop. Die ma-duif voer die klein duifie met duiwemelk. Die duifie word groter en kry vere. Hy begin om sy vlerke te klap. Een oggend toe Topo uit die kombuis kom, steek hy vas.

Voor hom op die gras sit 'n klein voëltjie wat sukkel om te vlieg.

Topo is baie opgewonde, maar hy bly doodstil staan. Die duifie klap sy vlerkies en vlieg 'n entjie op in die lug. Dan land hy weer. Topo volg die duifie oor die werf en oor die draad. Die duifie probeer weer en weer om te vlieg.

Net toe Topo begin moeg word, klap die duifie sy vlerkies hard en styg op. Hoër en hoër vlieg hy. Hierdie keer kom hy nie weer af nie. Topo staan en kyk. Hy sien hoe die voëltjie al hoe verder en hoër vlieg. Hy spring op en af van vreugde.

Dit voel amper asof hy ook geleer het hoe om te vlieg!





DIE STORIES IN HIERDIE REEKS HET OORSPRONKLIK VERSKYN IN *STORIES THAT TALK*, GEPUBLISEER DEUR HEARTLINES.

# Raak doenig met stories!

Hier is idees oor hoe om die stories in hierdie bylae te gebruik. Kies dié wat die beste by jou kinders se ouderdomme en belangstellings pas.

*Topo se boomhuis*

Hierdie storie is die beste vir kinders op laerskool. Indien jy hierdie storie vir baie jong kinders gebruik, sal jy dalk eers die storie op jou eie wil lees en dit dan in jou eie woorde wil oorvertel terwyl jy vir hulle die prente wys.

In Topo se boomhuis, het Topo empatie en gee hy om vir die duif, al bou sy haar nes in sy boomhuis.

Topo se pa wys dat hy vir Topo omgee en empatie met hom het wanneer hy hulp nodig het om sy gevoelens te verstaan.

- Het jou kinders al ooit 'n voëlnes gesien? Verduidelik dat voëls wat broei sensitief is en nie daarvan hou om gesteur te word nie. As hulle gesteur word, sal hulle dalk die nes verlaat en dan sal die eiers nie uitbroei nie.
- Gesels met jou kinders oor:
  - hoe Topo kies om sy boomhuis vir 'n rukkie te verlaat sodat die duif daar kan broei. Vra jou kinders of hulle dink dat dit 'n goeie besluit was en wat hulle in dieselfde situasie sou gedoen het.
  - Topo se verhouding met sy pa. Vra hulle hoe ons weet dat Topo se pa lief is vir hom en omgee vir sy gevoelens.
- Moedig jou kinders aan om 'n prent te teken vir 'n deel van die storie wat nie 'n illustrasie het nie, en om die storie se woorde onder hulle prente neer te skryf.

# Oor Nal'ibali

Nal'ibali (isiXhosa vir "hier is die storie") is 'n nasionale lees-vir-genot veldtog. Dit wil 'n leeskultuur regoor Suid-Afrika laat vlam vat en vaslê, sodat lees, skryf en die deel van stories – in al die Suid-Afrikaanse tale – deel van die daaglikse lewe word.



Kinders wat omring word deur gedrukte teks en hulle inleef in goeie stories in tale wat hulle verstaan, is meer nuuskierig, vol selfvertroue en gemotiveer om te leer. Hulle is meer geneig om lesers te word en om goed te vaar in alle vakke op skool. Stories ontwikkel woordeskat, verbeter geheue en koester kinders se verbeelding.

Sedert 2012 werk Nal'ibali saam met verskeie vennote in die staat, burgerlike samelewing en besigheid om seker te maak elke Suid-Afrikaanse kind kry geleenthede om lief te raak vir boeke en stories. Ons stigtersvennote sluit in: die DG Murry Trust, PRAESA (Project for the Study of Alternative Education in South Africa) en Tiso Blackstar (voorheen Times Media). Deur voorspraak, opleiding en leesmateriaal van hoë gehalte, help Nal'ibali om 'n nasie van lesers te bou.

Nal'ibali is hier om jou te motiveer en te ondersteun. **Skakel ons** inbelsentrum by **02 11 80 40 80**, of kontak ons op een van die volgende maniere:

www.nalibali.org www.nalibali.mobi nalibaliSA @nalibaliSA

Dit begin met 'n storie...